SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

#1 netwerk VIR JOU LEWE

'Dra mekaar se laste, en gee op die manier uitvoering aan die wet van Christus..' Galasiërs 6:2

# Maandelikse Bybel Bespreking

## Vergifnis en versoening: Die hart van 'n geloofsgemeenskap

Die tema van vergifnis en versoening vorm 'n sentrale punt in die Christelike geloof, veral binne die Reformatoriese tradisie waarin die genade van Christus as grondslag vir alle menslike verhoudinge dien. Vanuit die perspektief van die Hervormde en die Gereformeerde Kerke word hierdie tema beskou as die praktiese uitdrukking van God se liefde en heerskappy – nie bloot as emosionele reaksie nie, maar as 'n geestelike daad wat die lewe herskep.

Vergifnis, volgens Matteus 18:21–35 en Kolossense 3:13, is nie net 'n morele plig nie, maar 'n deelname aan God se eie handeling in Christus. Soos Christus vergewe, so word ons ook geroep om te vergewe. Die Hervormde teoloog prof. Johan Buitendag beskryf dit as "'n Daad van geloof wat die mens onttrek aan die kringloop van skuld en vergelding, en hom weer plaas binne die sfeer van genade". Hierdie teologiese verstaan beklemtoon dat vergifnis nooit goedkoop is nie – dit vra eerlike erkenning van onreg, maar ook 'n oorgawe aan God se herskeppende krag.

Versoening gaan 'n stap verder: dit is die sosiale en gemeenskaplike vrug van vergifnis. Die NG Kerk het dikwels daarop gewys dat versoening nie beteken om verskille toe te smeer nie, maar om waarheid, geregtigheid en vrede in 'n nuwe verhouding te verbind. Suid-Afrika se Waarheids- en Versoeningskommissie (1996–2002) het dit treffend vergestalt – as poging om 'n gebroke volk weer by mekaar te bring deur waarheid, erkenning en vergifnis.

Soos Desmond Tutu dit gestel het:

*"Without forgiveness, there is no future; but without confession, there can be no forgiveness."*

In die Protestante en Reformatoriese se verstaan is vergifnis en versoening dus nie bykomstige deugde nie – dit is tekens van 'n lewe wat deur Christus geheilig en gerig is. Wanneer die kerk hierdie beginsels uitleef, word sy 'n sigbare teken van die Koninkryk van God: 'n gemeenskap wat lewe, herstel en vrede verkondig in 'n wêreld wat dit broodnodig het.

Andrè Harmzen

# Tema vir die Maand

## Vergifnis en Versoening

Vergifnis en Versoening in God se Koninkryk – soos Christus vergewe het.

In Oktober het ons as gemeente saam stilgestaan by die groot waarhede van die Reformasie – die Vyf Solas: *Sola Scriptura, Sola Fide, Sola Gratia, Solus Christus en Soli Deo Gloria*. Elke een herinner ons dat ons geloof en redding slegs in Christus gegrond is. Nou, in November, stap ons verder – ons fokus op die vrug van daardie genade: vergifnis en versoening.

Om te vergewe en te versoen is nie maklik nie. Dit vra geloof, nederigheid en 'n hart wat deur God gevorm word. Tog is dit juis wat dit beteken om deel te wees van Christus se liggaam. Paulus skryf in Kolossense 3:13:
*"Verdra mekaar en vergewe mekaar, as iemand 'n klagte teen 'n ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle ook vergewe."*
Hierdie oproep lê die kern van God se Koninkryk oop – vergifnis is nie bloot 'n opsie is nie, maar 'n manier van leef. As gelowiges leef ons nie uit wraak of trots nie, maar uit die genade wat ons self ontvang het. Vergifnis maak vry. Versoening herstel. Dit bring lig waar daar donker was, vrede waar daar spanning was, genesing waar daar seer was, en liefde waar daar gebrokenheid was.
In hierdie maand nooi ons jou om te oorweeg:

- Is daar iemand wat jy moet vergewe?
- Is daar 'n verhouding wat herstel moet word?
- Hoe kan jy dra aan God se vrede binne jou gesin, jou werkplek en ons gemeente?

Ons as SA Gemeente wil juis 'n #1 Ne†wΘrk vir jou Lewe wees – 'n geloofsfamilie waar mense nie net saam kuier en aanbid nie, maar waar ons leer om saam te leef, te vergewe, saam te herstel en saam te groei in Christus se liefde.

Mag hierdie maand vir jou 'n tyd wees om die vrede van God te ervaar – en dit ook verder te dra. En wanneer ons aan die einde van die maand bymekaar kom vir ons Kerssangdiens, mag ons dit doen as mense wat weet: ons is versoen met God – en daarom kan ons mekaar in liefde omhels.

*"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."* – Matteus 5:9
Andrè

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## IN HIERDIE UITGAWE

KERSDIENS
TIENER NAWEEK
RESEP VAN DIE MAAND
VRYWILLIGERS
DAMESDAG
HARVEST FESTIVAL
PADKAART NA DIE HEMEL
GOD SE MOSSIE MENS
KONTAK ONS

# Kerssangdiens



**Almal word met vreugde uitgenooi na die Kerssangdiens**
**30 November 10 uur**
**Kom beleef die wonder van Christus deur sang en musiek**

Na die diens kuier en eet ons saam.
Op die spyskaart is:
Skaapboud, groente, broodjies en slaaie
Malva poeding en vla vir nagereg
Volwassenes £15 (11 en Ouer)
Kinders £7 ( 5-10jaar)
Almal bring hul eie drinkgoed en eetgerei

Kom neem jou plek aan tafel in....

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Tiener Naweek

## Year 10-13










JOY





HAPPY WEEKEND














(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • NOVEMBER 2025




































(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • NOVEMBER 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION



*Believe*
























*enjoy!*









SA GEMEENTE
SA CONGREGATION





Enjoy Life



























(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • NOVEMBER 2025



Eduard sê: Die Tienerkamp was briljant hierdie jaar. Elke oomblik was die lekkerste ervaring wat ek nog ooit by ŉ kamp gehad het. In my 5 jaar wat ek al Tienerkamp toe gaan moet ek sê hierdie was my gunsteling jaar. Die kos was uitstekend, en die kosspan het ongelooflike etes voorberei, alles van Boerewors rolle, chicken wraps and burgers het ons magies die hele naweek vol gehou. Ons het baie meer diep gesprekke met Sebastiaan en ons groepleiers gehad, en ek het gevoel dat ons as tieners het regtig nader aan mekaar beweeg.

Ons het baie pret gehad met aktiwiteite soos King of the Cups, High Ropes en die Bonfire night op Saterdag waar ons lekker marshmellows gebraai het. Daar was ook genoeg vrye tyd om met mense te praat en vertroue en sterker vriendskappe te bou. Die atmosfeer was vriendelik en vol lag. Die beddegoed en matrasse was gemaklik, wat dit baie lekker gemaak het om te rus ná die dag se aktiwiteite. Die naweek was regtig uitstekend, en ek het dit baie geniet. En ek gaan verseker volgende jaar weer terug gaan om my 6de jaar medaljon te verdien.











Small steps every day









SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Resep van die Maand

## Karu Botha' Cookies



Ingredients

- 1 cup butter
- 2/3 cup + 3 tbsp granulated sugar
- 2 cups + 1 tbsp all-purpose flower

Method:

1. Preheat oven to 160 °C and put some butter or baking paper on your baking tray
2. Beat together butter, sugar, and flour until blended
3. Form the dough into 1-inch balls + flatten them on the baking tray
4. Bake for 14-16 minutes or until just slightly golden around the edges and on the bottom
5. Remove from oven and allow to cool for 10-15 mins

Baie dankie aan Karu Botha (Junior kok),
wat haar staatmaker resep met ons gedeel het!

# Vrywilligers

Dankie vir almal wat elke Sondag help om die Erediens seepglad te laat verloop.
Voor die Erediens, tydens die Erediens, asook na die Erediens




























SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Dames Afternoon Tea



**18 Oktober 2025**

'n Lekker saam kuier, lag, eet en gesels middag!

























Dankie vir 'n heerlike saam kuier en verf middag! Net soos verlede jaar was die kelner se terugvoer dat daar iets anders aan die dag was. Hulle kon liefde en omgee voel al het hulle niks verstaan. Laat julle lig altyd so helder skyn!

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION









































SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

afternoon

















# Harvest Festival

Baie dankie vir almal se bydraes...

Ons het 40 kg se produkte by Rugby Foodbank afgelaai.

Gebed: Here van die seisoene, dankie vir die oes—
vir lag rondom die tafel,
vir hande wat versamel en harte wat gee.
Seën ons familie met eenheid en vreugde,
en mag ons huis 'n plek van vrede wees,
waar U goedheid geproe en gedeel word. Amen.











SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Padkaart na die Hemel

Skrywer onbekend

Een Maandag kry 'n man sy dominee in die dorp.

"Dit was 'n baie goeie preek wat u gister oor die Hemel gehad het" sê hy "maar u het nooit vir ons gesê waar die Hemel nou eintlik is nie."

"Het ek nie?" vra die dominee, "dan sal ek jou sommer nou daarheen beduie. Sien jy daardie woonstelblok?" Die dominee wys na 'n verwaarloosde gebou op die hoek van die straat.
"In woonstel nommer elf is 'n gesin wat baie swaar kry. Gaan koop vir hul 'n pakkie vleis, brood en melk. Neem dit vir hulle en sê dat jy dit in Jesus se Naam bring"

"Vra ook of jy vir hulle Psalm 23 kan lees en vir hulle kan bid. As jy dit gedoen het en jy voel nie of jy nie in die Hemel was nie, sal ek jou elke sent terugbetaal wat jy spandeer het"
Die volgende dag klop die man aan die pastorie se deur.

"Dominee," sê hy met ‘n stralende gesig. "Ek was gistermiddag in die Hemel! Ek wil u net graag bedank dat u my daarheen gestuur het. Ek besef nou dat die Hemel nie net 'n plek is waarheen die Here se kinders eendag sal gaan nie, maar dat ‘n mens reeds Hemelse vreugde op aarde kan hê!"

"Kom binne" nooi die dominee hom in. "Ek wil jou 'n teksvers wys, wat ek in my beursie bêre. Dis die padkaart na Hemelse vreugde"
Op die kaartjie wat die dominee uithaal, is Spreuke 11vers 25:
"Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê, wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is"

"Dis baie waar" sê die besoeker, terwyl hy dit in sy nota boekie skryf.
"Toe ek gister die arme mense se vreugde oor 'n bietjie kos sien, het my beker van vreugde oorgeloop!"

"GIVE without Remembering and RECEIVE without Forgetting!"

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# God se Mossie Mens

In hierdie besige en vinnige en deurmekaar wêreld, lê die kleinwees ìn my soms groot-oog en loer buitekant toe.

Ek is U Mossie-mens, Here. Die een wat stil-skaam op die lewe se sypaadjie gaan staan en so baie maal wonder of U nog vir my onthou. Partykeer raak my vere se vààlwees weg tussen al die mooi en grênd om my. En baie oggende, Here, sukkel ek om my kop onder my vlerk uit te grawe en vir die nuwe dag te glimlag. U weet dit, nè Here? So baie maal moet ek in my spore stop om eers 'n stukkende vlerk beter te maak, of 'n verkeerd-om veer reg te druk, of sommer net 'n stukkie asem te haal voordat ek wèèr probeer. En soms praat ek saggies Mossie-taal met myself. Want so baie dae voel ek mossie goed genoeg nie, nie mooi en kleurvol genoeg nie, kyk ek na die anderkant van my pad en sê ek stil vir myself: Ek is mossie sterk genoeg en wys genoeg om by die einde aan te kom nie ...
En my mossie-hart glo elke woord van my mossie-taal, Here. En dan druk ek my lyf net nog stywer teen die lewe se sypaadjie vas.

U kèn U Mossie-mens kinders, nè Here? U bangwees, sku-wees, versigtig-trap kinders. En wanneer U deur die lewe loop, stop U altyd by die sypaadjie. U stap nooit verby nie, Here. U gaan sit stil langs elke mens-sku Mossie-mens, steek U hand versigtig uit en sit elke veertjie weer liefdevol op sy plek. U skrik nie vir Mossie-taal nie. Wanneer U mossie-woorde hoor, sit U u vinger voor die Mossie-mens se mond en fluister sag:" Nèè. Jy is Mýne. Jy is vir My so baie, baie kosbaar."

En wanneer die mossie versigtig nader beweeg, stil in U hand klim, druk U die bewende, bang lyfie styf teen U vas, en sê met soveel liefde en deernis: "Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie, en tog sal nie èèn van hulle op die grond val sonder dat Ek dit weet nie. Waarom dink jy Ek weet nie van jou nie. Waarom dink jy jy is nie vir my belangrik nie ...?"

U los nooìt U Mossie-mens kinders nie, Here. U sit daar op die lewe se sypaadjie totdat die Mossie-mens weer moed het om verder te stap.

Wanneer die lewe weer vermakerig by my wil weet wie en wat ek is en wat ek kan doen, sal ek opkyk en stil vir die lewe sê: "Ek is God se Mossie-mens kind. Ek het my nessie neergesit daar by Sy voete. Ek is nie bang nie. Hy is altyd se altyd by my."

En dan sal ek langs my kyk, en sag vir U glimlag

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •NOVEMBER 2025

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

## KALENDER

2 NOVEMBER EREDIENS 10 UUR

9 NOVEMBER HUISKERK 9 UUR

16 NOVEMBER EREDIENS 10 UUR

23 NOVEMBER HUISKERK 9 UUR

30 NOVEMBER KERSDIENS 10 UUR

## Gebed

Here van lig en lewe,
November bring ons nader aan die einde van 'n seisoen–
en tog, U genade bly nuut.
In die sagte skadu's van herfs,
fluister U van vergifnis,
van harte wat weer kan heel.
Wanneer ons moeg is om te vergewe,
herinner ons aan die kruis.
Wanneer ons huiwer om te versoen,
herinner ons aan U liefde wat altyd eerste beweeg.
Mag ons as gemeente draers wees van vrede,
brugbouers in U Naam,
en getuies van die genade wat alles nuut maak.
Amen.

SA GEMEENTE
SA CONGREGATION

# Kontak Andre Harmzen



**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 1ste en 3de Sondag van die maand om 10:00

**Adres:**
Alderbrookskool.
Blossomfield Road, Solihull, B91 1SN

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG003 na 70191**
**Vir direkte inbetaling:**
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Birmingham
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Birmingham)**

Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Middellande

# Kontak Helena



Helena Claassen
Epos: helena@sagemeente.com